OCEANA GROEP BEPERK

# Nagesiende groepresultate en dividendverklaring

## vir die jaar geëindig 30 September 2006

Die groep se resultate vir die jaar geëindig 30 September 2006 word hierin uiteengesit. Die verslag is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Rekeningkundige Standaard IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening. Die vorige jaar se syfers, wat volgens Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (SA AARP) opgestel is, is hersaamgestel volgens IFRS. Die finansiële inligting is deur ons ouditeure, Deloitte & Touche nagesien en hul onaangesuiwerde nasieningsmening lê by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae.

## VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

| | Aantekening | 2006 Nagesien R'000 | 2005 Hersaamgestel R'000 | Verandering % |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | | 2 544 558 | 2 576 513 | (1) |
| Bedryfswins voor abnormale items | | 183 325 | 180 672 | 1 |
| Abnormale items | 2 | (5 882) | (27 830) | |
| Bedryfswins | | 177 443 | 152 842 | 16 |
| Dividende ontvang | | 6 151 | 1 | |
| Netto rente ontvang | | 23 340 | 26 607 | |
| Wins voor belasting | | 206 934 | 179 450 | 15 |
| Belasting | | 70 088 | 64 541 | 9 |
| Wins na belasting | | 136 846 | 114 909 | 19 |
| *Toeskryfbaar aan:* | | | | |
| Aandeelhouers van Oceana Groep Beperk | | 129 791 | 107 491 | 21 |
| Buite-aandeelhouers in filiale | | 7 055 | 7 418 | (5) |
| | | 136 846 | 114 909 | 19 |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel gegrond is (000'e) | | 113 099 | 111 525 | |
| Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel gegrond is (000'e) | | 113 426 | 112 246 | |
| Verdienste per aandeel (sent) | | | | |
| Basiese verdienste | | 114,8 | 96,4 | 19 |
| Verwaterde verdienste | | 114,4 | 95,8 | 19 |
| Dividende per aandeel (sent) | | 74,0 | 74,0 | – |

## VERKORTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

| | 2006 Nagesien R'000 | 2005 Hersaamgestel R'000 |
|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | | |
| Bedryfswins voor abnormale items | 183 325 | 180 672 |
| Aanpassing vir niekontantitems | 60 777 | 63 898 |
| Kontantbedryfswins voor bedryfskapitaalveranderings | 244 102 | 244 570 |
| Bedryfskapitaalveranderings | 50 606 | 33 989 |
| Kontant deur bedrywighede voortgebring | 294 708 | 278 559 |
| Rente en dividende ontvang | 34 650 | 29 048 |
| Rente betaal | (5 159) | (2 440) |
| Belasting betaal | (46 960) | (62 366) |
| Dividende betaal | (86 034) | (83 587) |
| Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite | 191 205 | 159 214 |
| Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | (167 811) | (16 119) |
| Kapitaaluitgawe | (94 276) | (46 072) |
| Opbrengs by verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | 1 639 | 6 413 |
| Netto beweging op lenings en voorskotte | 12 789 | 8 975 |
| Belegging in voorkeuraandele | (88 000) | – |
| Verkoop van besigheid | – | 16 745 |
| Ander | 37 | (2 180) |
| Netto kontantvloei (aangewend) voortgebring deur finansieringsaktiwiteite | (174 894) | 17 822 |
| Opbrengs van aandelekapitaaluitgifte | 9 377 | 14 420 |
| Opbrengs van verkoop van tesourie-aandele | 264 | 238 |
| Verkryging van tesourie-aandele deur aandeletrust | (177 822) | (336) |
| Korttermynskuld (terugbetaal) aangegaan | (6 713) | 3 500 |
| Netto (afname) toename in kontant en kontantekwivalente | (151 500) | 160 917 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | 283 195 | 117 455 |
| Uitwerking van wisselkoersverskille | (4 974) | 4 823 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar | 126 721 | 283 195 |

## GROEPSEGMENTVERSLAG

| | 2006 Nagesien R'000 | 2005 Hersaamgestel R'000 |
|---|---|---|
| Inkomste | | |
| Kusvissery | 1 318 949 | 1 470 587 |
| Oopsee- en diepseevissery | 1 071 362 | 939 091 |
| Kommersiële koelkamer- en logistieke dienste | 154 247 | 166 835 |
| Totaal | 2 544 558 | 2 576 513 |
| Bedryfswins voor abnormale items | | |
| Kusvissery | 77 939 | 102 518 |
| Oopsee- en diepseevissery | 46 705 | 16 867 |
| Kommersiële koelkamer- en logistieke dienste | 58 681 | 61 287 |
| Totaal | 183 325 | 180 672 |
| Totale bates | | |
| Kusvissery | 563 887 | 640 913 |
| Oopsee- en Diepseevissery | 264 306 | 270 852 |
| Kommersiële koelkamer- en logistieke dienste | 177 944 | 126 535 |
| Finansiering | 318 645 | 423 506 |
| | 1 324 782 | 1 461 806 |
| Uitgestelde belasting | 12 850 | 15 256 |
| Totaal | 1 337 632 | 1 477 062 |
| Totale laste | | |
| Kusvissery | 278 909 | 335 015 |
| Oopsee- en diepseevissery | 90 756 | 60 655 |
| Kommersiële koelkamer- en logistieke dienste | 41 693 | 27 848 |
| Finansiering | 77 570 | 111 698 |
| | 488 928 | 535 216 |
| Uitgestelde belasting | 29 874 | 25 502 |
| Totaal | 518 802 | 560 718 |

## VERKORTE GROEPBALANSSTAAT

| | 2006 Nagesien R'000 | 2005 Hersaamgestel R'000 |
|---|---|---|
| Bates | | |
| Niebedryfsbates | 511 305 | 396 072 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 316 457 | 285 052 |
| Klandisiewaarde | 21 911 | 18 302 |
| Visvangregte en handelsmerke | 40 109 | 34 537 |
| Uitgestelde belasting | 12 850 | 15 256 |
| Beleggings en lenings | 119 978 | 42 925 |
| Bedryfsbates | 826 327 | 1 080 990 |
| Voorraad | 219 224 | 242 413 |
| Debiteure | 403 486 | 457 996 |
| Niebedryfsbates gehou vir verkoop | 4 950 | – |
| Kontant en kontantekwivalente | 198 667 | 380 581 |
| Totale bates | 1 337 632 | 1 477 062 |
| Ekwiteit en laste | | |
| Kapitaal en reserwes | | |
| Aandelekapitaal en premie | 101 | 55 480 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | 23 018 | 3 878 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | 11 232 | 8 619 |
| Kapitaaldelgingsreserwe | 90 | 90 |
| Uitkeerbare reserwes | 760 569 | 827 318 |
| Belang van eie aandeelhouers | 795 010 | 895 385 |
| Belang van buite-aandeelhouers | 23 820 | 20 959 |
| Totale ekwiteit | 818 830 | 916 344 |
| Niebedryfslaste | 30 961 | 25 502 |
| Aanspreeklikheid vir aandeelgebaseerde betalings | 1 087 | – |
| Uitgestelde belasting | 29 874 | 25 502 |
| Bedryfslaste | 487 841 | 535 216 |
| Krediteure en voorsienings | 415 895 | 437 830 |
| Bankoortrekking | 71 946 | 97 386 |
| Totale ekwiteit en laste | 1 337 632 | 1 477 062 |
| Getal uitgereikte aandele tesourie-aandele uitgesluit (000'e) | 101 493 | 112 104 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel (sent) | 783 | 799 |
| Totale aanspreeklikhede, uitgestelde belasting uitgesluit: Totale ekwiteit (%) | 60 | 58 |
| Totale skuld: Belang van eie aandeelhouers (%) | 9 | 11 |

## REKONSILIASIE VAN SA AARP MET IFRS (aantekening 1)

| | 1 Oktober 2004 R'000 | 30 September 2005 R'000 |
|---|---|---|
| Ekwiteit | | |
| Gewone aandeelhouersbelang soos voorheen gerapporteer | 848 613 | 890 894 |
| *IFRS aanpassing:* | | |
| Herberekening van die waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting, netto van uitgestelde belasting | 4 828 | 4 491 |
| Gewone aandeelhouersbelang hersaamgestel | 853 441 | 895 385 |
| Buite-aandeelhouersbelang soos voorheen gerapporteer | 14 577 | 21 192 |
| *IFRS aanpassing* | | |
| Herberekening van die waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting, netto van uitgestelde belasting | (196) | (233) |
| Buite-aandeelhouersbelang hersaamgestel | 14 381 | 20 959 |
| Aanspreeklikhede | | |
| Uitgestelde belasting soos voorheen gerapporteer | 24 287 | 22 453 |
| *IFRS aanpassing:* | | |
| Belastinguitwerking van tydelike verskille met herberekening van die waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting | 1 214 | 3 049 |
| Uitgestelde belasting hersaamgestel | 25 501 | 25 502 |
| Bates | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting soos voorheen gerapporteer | 310 389 | 279 413 |
| *IFRS aanpassing:* | | |
| Herberekening van waardevermindering | 6 330 | 5 639 |
| Eiendom, aanleg en toerusting hersaamgestel | 316 719 | 285 052 |
| Uitgestelde belasting soos voorheen gerapporteer | 20 990 | 13 588 |
| *IFRS aanpassing:* | | |
| Belastinguitwerking van tydelike verskille met herberekening van die waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting | (484) | 1 668 |
| Uitgestelde belasting hersaamgestel | 20 506 | 15 256 |
| Wins toeskryfbaar aan eie aandeelhouers | | |
| Soos voorheen gerapporteer | | 111 538 |
| *IFRS aanpassings:* | | |
| Herberekening van die waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting, netto van uitgestelde belasting | | (338) |
| Koste van aandeelgebaseerde betalings | | (3 709) |
| Hersaamgestel | | 107 491 |

## DIVIDENDVERKLARING

Kennis geskied hiermee dat 'n finale dividend Nr. 126 van 59,0 sent per aandeel ten opsigte van die jaar geëindig 30 September 2006 op Vrydag 10 November 2006 verklaar is. Die tersaaklike datums is as volg:

| | |
|---|---|
| Laaste dag om met dividend te verhandel | Vrydag 5 Januarie 2007 |
| Verhandeling sonder dividend begin | Maandag 8 Januarie 2007 |
| Rekorddatum | Vrydag 12 Januarie 2007 |
| Dividendbetaaldatum | Maandag 15 Januarie 2007 |

Aandelesertifikate mag nie in die tydperk van Maandag 8 Januarie 2007 tot en met Vrydag 12 Januarie 2007 gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

In opdrag van die direksie

JD Cole — 10 November 2006
*Maatskappysekretaris* — Kaapstad

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | 2006 Nagesien R'000 | 2005 Hersaamgestel R'000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar soos voorheen gerapporteer | | 863 190 |
| IFRS aanpassings (aantekening 1) | | 4 632 |
| Saldo aan die begin van die jaar volgens IFRS | 916 344 | 867 822 |
| Aandele uitgereik | 9 377 | 14 420 |
| Toename in tesourie-aandele gehou deur aandeletrust | (177 763) | (336) |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | 19 140 | (905) |
| Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe | 2 613 | 3 709 |
| Netto wins vir die jaar | 136 846 | 114 909 |
| Wins met verkoop van tesourie-aandele | 205 | 238 |
| Dividende verklaar | (87 932) | (83 415) |
| Verkoop van filiaal – belang van buite-aandeelhouers | – | (98) |
| Saldo aan die einde van die jaar | 818 830 | 916 344 |
| *Saamgestel uit:* | | |
| Aandelekapitaal en -premie | 101 | 55 480 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | 23 018 | 3 878 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | 11 232 | 8 619 |
| Kapitaaldelgingsreserwe | 90 | 90 |
| Uitkeerbare reserwes | 760 569 | 827 318 |
| Buite-aandeelhouersbelang | 23 820 | 20 959 |
| Totaal | 818 830 | 916 344 |

## AANTEKENINGE

1. Rekeningkundige beleid

Die vorige jaar se jaarstate was volgens SA AARP opgestel. Oceana Groep Beperk het ooreenkomstig die Noteringsvereistes van die JSE Beperk met ingang van 1 Oktober 2005 Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) geïmplementeer, met 1 Oktober 2004 as eerste omskakelings- datum. Vergelykende inligting vir die jaar geëindig 30 September 2005 is hersaamgestel in ooreenstemming met dieselfde rekeningkundige beleide en metodes soos in die verkorte jaarstate toegepas.

Die openbaarmakings soos vereis volgens IFRS 1 (Eerste Toepassing van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde), wat die uitwerking aantoon van die verandering in rekeningkundige beleid van SA AARP na IFRS, verskyn onder die opskrif "Rekonsiliasie van SA AARP met IFRS".

Met die omskakeling het die groep die volgende keuses uitgeoefen in terme van IFRS 1:

- Eiendom, aanleg en toerusting is teen die aanvanklike koste daarvan gemeet. Hersiene ramings van die bates se nuttige lewensduur en reswaardes is gebruik om opgeloopte waardevermindering te herbereken, ooreenkomstig IAS 16.
- Aandeelgebaseerde betalings. Die voorskrifte van IFRS 2 is slegs toegepas op aandele-opsies wat op of ná 7 November 2002 toegeken is. Kostes van ekwiteitsvergoedende aandeelgebaseerde betalings word as 'n uitgawe in die inkomstestaat erken, met 'n ooreenstemmende krediet in 'n aandeelgebaseerde betalingsreserwe ingesluit by ekwiteit.
- Sekere nie-uitkeerbare reserwes is na uitkeerbare reserwes oorgeplaas, ooreenkomstig IFRS 3.

| | 2006 Nagesien R'000 | 2005 Hersaamgestel R'000 |
|---|---|---|
| 2. Abnormale items | | |
| Oorskort ná verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | 450 | 2 364 |
| Oorskot ná verkoop van visvangregte | 227 | – |
| Wins by verandering van belang in filiale / gesamentlike ondernemings | 283 | 7 288 |
| Voorsiening vir onbehoorlike gebruik van pensioenfondssurplus | (6 842) | – |
| Voorsiening vir lenings, personeelafleggings en ander sluitingskostes t.o.v. die Namibiese witvisbesigheid | – | (28 764) |
| Waardedalingsverlies op eiendom, aanleg en toerusting t.o.v. die Namibiese witvisbesigheid | – | (5 580) |
| Waardedalingsverlies op ander bates | – | (3 138) |
| Abnormale verlies voor belasting | (5 882) | (27 830) |
| Belasting daarop | 1 954 | 162 |
| Abnormale verlies na belasting | (3 928) | (27 668) |
| 3. Berekening van wesensverdienste | | |
| Wins na belasting toeskryfbaar aan eie aandeelhouers | 129 791 | 107 491 |
| *Aangepas vir:* | | |
| Netto oorskot ná verkoop van vaste eiendom en regte | (647) | (2 364) |
| Netto oorskot ná verkoop van aanleg en toerusting | (176) | (2 176) |
| Wins by verandering van belang in filiale / gesamentlike ondernemings | (283) | (7 103) |
| Versekeringsbetaling vir beskadigde vaartuig | (1 104) | – |
| Voorsiening vir lenings, personeelafleggings en ander sluitingskostes t.o.v. die Namibiese witvisbesigheid | – | 14 201 |
| Waardedalingsverlies op eiendom, aanleg en toerusting t.o.v. die Namibiese witvisbesigheid | – | 5 580 |
| Waardedalingsverlies op ander bates | – | 2 779 |
| Wesensverdienste vir die jaar | 127 581 | 118 408 |
| | Getal aandele | Getal aandele |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop wesensverdienste per aandeel gegrond is (000'e) | 113 099 | 111 525 |
| Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde wesensverdienste per aandeel gegrond is (000'e) | 113 426 | 112 246 |
| | Sent | Sent |
| Wesensverdienste per aandeel | | |
| Basiese verdienste | 112.8 | 106.2 |
| Verwaterde verdienste | 112.5 | 105.5 |
| | R'000 | R'000 |
| 4. Dividende | | |
| Geskatte dividend verklaar ná rapporteringsdatum | 59 881 | 66 141 |
| Dividend op uitgereikte aandele voor die laaste dag vir verhandeling | | 621 |
| Werklike dividend verklaar ná rapporteringsdatum | | 66 762 |
| 5. Aanvullende inligting | | |
| Koste van verkope | 1 805 035 | 1 813 926 |
| Waardevermindering | 57 316 | 58 861 |
| Huurkostes | 17 470 | 18 647 |
| Valutawins | (9 838) | (2 075) |
| Kapitaaluitgawes | 94 276 | 46 072 |
| Uitbreiding | 62 456 | 2 643 |
| Vervanging | 31 820 | 43 429 |
| Kapitaalverbintenisse | 63 144 | 96 925 |
| Gekontrakteer | 2 124 | 703 |
| Goedgekeur | 61 020 | 96 222 |

## KOMMENTAAR

### Finansiële resultate

Die groep het uiters bevredigend presteer te midde van baie moeilike omstandighede vir die visbedryf weens swak visvangtoestande.

Verdienste per aandeel vir die jaar geëindig 30 September 2006 het met 19% gestyg teenoor die vorige jaar wat 'n voorsiening vir die sluitingskoste van die witvisbesigheid in Namibië ingesluit het. Wesensverdienste per aandeel het met 6% gestyg teenoor die vorige jaar.

Groepomset het met 1% gedaal terwyl bedryfswins voor abnormale items met 1% gestyg het. Beleggingsinkomste het gestyg op hoër gemiddelde netto kontantsaldo's wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die laer bedryfskapitaalvereistes. Netto kontantsaldo's op jaareinde het tot R126,7m gedaal as gevolg van die groep se bydrae van R265,8m tot die finansiering van sy swart ekonomiese bemagtigingstransaksie gedurende September 2006.

'n Onveranderde finale dividend van 59,0 sent per aandeel is verklaar, wat die totale dividend vir die jaar, saam met die tussentydse dividend van 15,0 sent, op 74,0 sent per aandeel (2005: 74,0 sent) te staan bring.

### Bedryfsoorsig

*Kusvissery*

Die totale toelaatbare vangste (TTV) vir sardyne in 2006 is 204 000 ton (2005: 397 000 ton). Hoewel die jaar se sardynvangste vir die produksie van ingelegte vis hoër as verlede jaar was, was die vis net aan die Suid- en Ooskus beskikbaar en moes 'n groter hoeveelheid per pad vervoer word vanaf Mosselbaai na die inlêfabriek op St Helenabaai. Hoër brandstofpryse en die afstand vanaf die visvanggebiede het 'n invloed op produksiekostes gehad. Die Namibiese TTV vir sardyne was vasgepen op 25 000 ton (2005: 25 000 ton) maar teen jaareinde was daar geen vangste nie.

Weens die tekort aan voorraad het Lucky Star se verkope van ingelegde vis op die binnelandse mark aansienlik gedaal vergeleke met die vorige jaar.

Glenryck Foods, die groep se ingelegde visbesigheid in Brittanje, het goed presteer en sy verkope in veral die tunakategorie opgestoot.

In die geheel was die winste uit ingelegde vis ver minder as dié van die vorige jaar.

Die vismeelbedrywighede het in die tweede helfte van die boekjaar verder verbeter om aan die einde van die jaar gelyk te breek. Ansjovis- en sardynvangste vir vismeelproduksie was heelwat kleiner as die vorige jaar. Verkoopspryse het gestyg.

Kreefvangste was ver onder die vorige jaar se volumes weens 'n kombinasie van faktore soos 'n verminderde TTV, 'n permitvereiste wat vangste tot 76% van die kwota beperk en ongure seetoestande in Augustus en September. Die kleiner volumes het omset negatief beïnvloed ten spyte van die hoër uitvoerpryse. Winste was ietwat hoër as die vorige jaar as gevolg van verminderde kostes.

Tjokkavangste was beter as die vorige jaar en uitvoerpryse het gestyg, wat 'n goeie bydrae tot gevolg gehad het.

*Oopsee- en diepseevissery*

Namibiese en Suid-Afrikaanse maasbanker het besonder goeie pryse in die eerste helfte van die jaar behaal en was gemiddeld hoër as die vorige jaar. Die hoër brandstofpryse het kostes negatief geraak ondanks verstellings aan die vaartuie om 'n goedkoper brandstofgraad te kan gebruik. Handelsvolumes van en marges op vis wat van eksterne vlote verkry is, het gedaal. In die geheel was die wins uit oopsee- pelagiese bedrywighede beduidend hoër as die vorige jaar.

Teenstrydige vangste van oor die algemeen kleiner stokvis het dié kategorie se resultate weer negatief geraak. Verkope het egter gestyg en saam met verlaagde oorhoofse kostes was die verdienste vir die jaar aanvaarbaar.

Die geherstruktureerde tunabesigheid het ná verlede jaar se verliese 'n wins aangeteken ten spyte van 'n mededingende mark.

*Koelkamer- en logistieke dienste*

Gemiddelde besettingsvlakke was hoog en het goed vergelyk met dié van die vorige jaar, maar die sitrusvolumes wat die Maydon Wharf-vrugtesteriliseringsfasiliteit hanteer het, was teleurstellend. Die uitbreidings by die Bayhead- en Epping-store is in Augustus voltooi en gaan na verwagting in die komende jaar 'n bydrae tot groepresultate lewer. Winste het marginaal verbeter bo dié van die vorige jaar.

Die afdeling se resultate vir die vorige jaar het dié van TRT Shipping Services tot die datum van sy verkoop op 1 Julie 2005 ingesluit.

*Langtermynvisvangregte*

Na 'n uitgerekte appèlproses is langtermynvisvangregte toegeken in al die viskategorieë waarin Oceana aktief is. Die regte is vir tydperke van agt jaar (tjokka), tien jaar (Weskus-kreef en maasbanker) en vyftien jaar (klein diepsee- en treilstokvis). Alhoewel sy toewysing verminder is, het Oceana nou die sekerheid en stabiliteit van langtermyn regte. Regspligtige uitdagings is deur sekere ander applikante ingestel met betrekking tot hulle toewysings.

*Swart ekonomiese bemagtigings- (SEB) transaksie*

Die SEB-transaksie wat in die omsendbrief aan aandeelhouers gedateer 31 Augustus 2006 aangekondig is, is op 22 September 2006 behoorlik goedgekeur deur aandeelhouers en op 28 September 2006 geïmplementeer.

### Vooruitsigte

Die finalisering van die langtermyn regte-proses sal geleenthede skep vir rasionalisering en herstrukturering binne die Suid-Afrikaanse visbedryf. Met sy sterk balansstaat en gesekureerde SEB-aandelebesit is Oceana goed geplaas om aan enige konsolidasie deel te neem.

### Direksie

Me Z Fuphe is met ingang van 1 Junie 2006 as 'n direkteur van die maatskappy aangestel. Mnr BP Connellan het met ingang van 3 Augustus 2006 as 'n direkteur bedank en ons spreek graag ons waardering uit vir sy waardevolle bydrae oor baie jare.

Namens die direksie

| | | |
|---|---|---|
| MA Brey | AB Marshall | 10 November 2006 |
| *Voorsitter* | *Hoof Uitvoerende Beampte* | Kaapstad |

OCEANA GROEP BEPERK

In die Repubiek van Suid-Afrika geïnkorporeer • Registrasienommer: 1939/001730/06)

Direkteure: MA Brey *(Voorsitter)*, RA Williams *(Visevoorsitter)*, AB Marshall* *(Hoof Uitvoerende Beampte)*, N Dennis, NP Doyle, Z Fuphe, RG Nicol*, S Pather, L Ruthilal *(*Uitvoerend)*

Geregistreerde kantoor: 16de Vloer Metropolitan-sentrum, Coen Steytlerlaan 7, Kaapstad, 8001

Oordragsekretaris: Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 (Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Borg: Suid-Afrika – Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk • Namibië – Old Mutual Investment Services (Namibia) (Pty) Limited

Maatskappysekretaris: JD Cole

JSE-aandelekode: OCE • NSX-aandelekode: OCG • • ISIN-nommer ZAE000025284

motiv